LAERSKOOL JEFFREYSBAAI
AANSOEK OM TOELATING

Telefoon: 042 2931343
E-pos: jbayschool@epweb.co.za

SLEGS KANTOORGEBRUIK: Goedgekeur: Ja Nee Handtekening (Skoolhoof): _____ Epos datum: _____
Kommentaar: _____

Datum ontvang: Toelatings nommer: SAMS: Fotos: JA / NEE Atletiek span:

'n Toelatings vorm moet ingevul word wanneer aansoek gedoen word om die toelating van u kind tot enige skool, onder beheer van die Departement van Onderwys. 'n Voltooide vorm beteken nie noodwendig dat die leerder tot die skool toegelaat is nie. Alle inligting wat gevra word, is soos vereis deur die Departement. Alle inligting word as vertroulik hanteer.

Parafeer asseblief elke bladsy en teken waar nodig. **Slegs volledig voltooide aansoekvorms sal verwerk word.**

Die besluit van die toelatings komitee is finaal en **GEEN** onderhoude sal toegestaan word nie. Neem kennis dat **SKOOLGELD** by hierdie skool **gehef word**. **NUWE TOELATINGS SE EERSTE SKOOLGELDPAAIEMENT MOET ONMIDDELIK NA AANVAARDING VAN TOELATING BETAAL WORD.**

Heg asseblief die volgende dokumente aan die voltooide Aansoek om Toelating:

☐ Afskrif van leerder se Geboortesertifikaat ☐ Laaste rapport ☐ Kliniek kaart ☐ Afskrif van ID van beide ouers
☐ Bewys van woonadres (Munisipale Rekening ens) ☐ Aanstellingsbrief deur werkgewer ☐ Oorplasingsbrief

INLIGTING OOR LEERDER:

Datum waarvoor aansoek gedoen word: _____ Graad: _____ Taal van onderrig: AFR ENG

Van: _____ Volle name: _____

Noemnaam: _____ Geslag: M V Ras: _____ Huistaal: _____

Geboortedatum: Dag ___ Maand ____ Jaar: _____ ID nr.: _____ Burgerskap: _____

Land van verblyf: _____ Indien SA, meld provinsie: _____ Geboorteplek: _____

Woonadres: _____ Stad: _____ Sel: _____

Behendigheid van leerder: Regshandig Linkshandig Vaardig met beide hande

Hoe gaan kind by skool kom? Loop Eie vervoer Ander (Spesifiseer):

Geloof: _____ Kerk: _____

Tel. in geval van nood: _____ Persoon: _____ Ouers oorlede? Geen Moeder Vader Albei

BESONDERHEDE VAN VORIGE /HUIDIGE SKOOL:

Naam van skool: _____ Tel: _____

Adres van skool: _____ Stad: _____ Kode: _____

Provinsie: _____ Land: _____ Taal waarin onderrig ontvang is: _____

Datum waarop leerder bogenoemde skool verlaat het: _____ Jaar: _____ Graad geslaag: _____

GESIN: Aantal kinders in gesin: _____ Posisie van aansoeker in gesin (bv. 1ste): _____ Aantal kinders in L/S Jeffreysbaai: _____
Verskaf asseblief die name van ander kinders in u gesin wat tans Laerskool Jeffreysbaai bywoon:

Volle Name en Van	Graad	Volle Name en Van	Graad
1)		2)	
3)		4)	

Parafeer: _____

DISSIPLINÊRE GESKIEDENIS:

Is voortsetting van studie by enige skool in enige stadium in die verlede aan die leerder geweier? Ja Nee

Indien ja, meld naam van skool: _____ Tel: _____

Gee asseblief 'n kort verduideliking: _____

_____

Is daar in die verlede, deur enige skool, dissiplinêr teen die leerder opgetree as gevolg van 'n ernstige oortreding? Ja Nee

Indien ja, meld naam van skool: _____ Tel: _____

Gee asseblief 'n kort verduideliking: _____

_____

BUITEMUURSE AKTIWITEITE WAARAAN LEERDER DEELNEEM / DEELGENEEM HET:

SPORT:

Sport	Span / Byeenkoms	Posisie / Item	Provinsiale Span	Nasionale Span	Hoogste Meriete toekenning	Jaar

KULTUUR:

Aktiwiteit	Jaar	Hoogste Meriete toekenning

LEIERSPOSISIES

Posisie	Jaar

Belangstellings / Stokperdjies / Aktiwiteite buite skoolverband: _____

_____

MEDIESE INLIGTING VAN LEERDER:

Onderstreep siekte(s) waarteen leerder geïmmuniseer is: **tuberkulose (B.C.G), tetanus, masels, poliomyelitis, hepatitis B**.

Belangrike siektes waaraan leerder ly of gely het (bv. Asma, epilepsie, diabetes): _____

_____

_____

Enige fisiese of emosionele beperking waarvan die skool bewus moet wees (bv. ADHD, doofheid, swaksiendheid): _____

_____

_____

Operasie(s) wat leerder ondergaan het. Gee datum(s) en aard van operasie(s): _____

_____

Naam van mediesefonds: _____ Mediesefonds nommer: _____

Naam van hooflid: _____ Tel: _____

Naam van huisdokter: _____ Stad: _____ Tel: _____

Parafeer: ____

OUER- / VOOGINLIGTING:

► **Ouer / Voog 1:**

Titel: _____ Van: _____ Volle name:_____

ID no.: | | | | | | | | | | | | | Burgerskap: _____ Verwantskap met leerder: _____

Huwelikstaat: Getroud | Ongetroud | Geskei | Weduwee/Wewenaar Ras: _____ Huistaal: _____

E-pos: _____ Sel: _____

Tel (W): _____ Tel (H): _____ Faks:_____

Posadres: _____ Stad: _____ Kode: _____

Woonadres: _____ Woonbuurt: _____ Stad: _____

Beroep (Spesifiseer): _____ Werkgewer: _____

Werksadres: _____ Stad: _____

► **Ouer / Voog 2:**

Titel: _____ Van: _____ Volle name: _____

ID no.: | | | | | | | | | | | | | Burgerskap: _____ Verwantskap met leerder: _____

Huwelikstaat: Getroud | Ongetroud | Geskei | Weduwee/Wewenaar Ras: _____ Huistaal: _____

E-pos: _____ Sel: _____

Tel (W): _____ Tel (H): _____ Faks:_____

Posadres: _____ Stad: _____ Kode: _____

Woonadres: _____ Woonbuurt: _____ Stad: _____

Beroep (Spesifiseer): _____ Werkgewer: _____

Werksadres: _____ Stad: _____

► **Voog: (*Die persoon wat onderneem om die verpligtinge van die ouer ten opsigte van die leerder se opvoeding op skool na te kom.)***

Titel: _____ Van: _____ Volle name: _____

ID nr.: | | | | | | | | | | | | | Burgerskap: _____ Verwantskap met leerder: _____

Huwelikstaat: Getroud | Ongetroud | Geskei | Weduwee/Wewenaar Ras: _____ Huistaal: _____

E-pos: _____ Sel: _____

Tel (W): _____ Tel (H): _____ Faks: _____

Woonadres: _____ Woonbuurt: _____ Stad: _____

Beroep (Spesifiseer): _____ Werkgewer: _____

Werksadres: _____ Stad: _____

Heg asseblief die nodige gesertifiseerde bewyse aan indien enige van die volgende vrae op die leerder van toepassing is:

Pleegkind? Ja | Nee Is u die wettige voog? Ja | Nee Ontvang leerder 'n maatskaplike toelaag? Ja | Nee

Leerder bly saam met (merk)	Ouer 1	Ouer 2	Voog
Korrespondensie aan (merk)	Ouer 1	Ouer 2	Voog
Persoon verantwoordelik vir skoolgeld rekening	Albei ouers		Voog

Parafeer: _____

ONDERNEMING DEUR OUERS / VOOGDE:

1. Ek/Ons doen hiermee aansoek om die kind wie se naam op hierdie vorm verskyn, as 'n leerder aan Laerskool Jeffreysbaai in te skryf en bevestig dat hy/sy voldoen aan die basiese kriteria.
2. Ek/Ons verklaar hiermee dat ek/ons wettige toesig en/of voogdyskap het ten opsigte van bogenoemde leerder.
3. Ek/Ons onderneem om te voldoen aan die terme en voorwaardes soos uiteengesit in hierdie onderneming.
4. Ek/Ons verstaan en bevestig dat die hoof of enige persoon wat behoorlik gemagtig is, sal optree as loco parentis in enige aangeleentheid en te eniger tyd wat my/ons kind aan die sorg van die skool toevertrou is.
5. Ek/Ons onderneem gesamentlik en afsonderlik om die skoolgeld te betaal en ek/ons verstaan die volgende:
   - 5.1 Die jaarlikse skoolgeld is 'n verpligte bedrag wat deur die meerderheid van ouers by die AJV aanvaar is.
   - 5.2 Skoolgeld is vooruitbetaalbaar en is betaalbaar teen die 7de dag van die maand.
   - 5.3 Die skoolbeleid vir die betaling van skoolgeld is soos volg:
     - 5.3.1 Geld kan eenmalig betaal word.
     - 5.3.2 Geld kan kwartaalliks betaal word – Januarie/April/Julie/Oktober.
     - 5.3.3 Geld kan betaal word in 11 maandelikse gelyke paaiemente, Januarie tot November. Geld is betaalbaar teen die 7de dag van elke maand.
   - 5.4 **In terme van die Suid-Afrikaanse Skole-Wet, seksie 39, is albei ouers onder verpligting om verpligte skoolfonds te betaal soos deur skool se Beheerliggaam vasgestel. Volgens hierdie wet is <u>BEIDE</u> ouers gesamentlik en streng verplig om die skoolfonds te betaal ten spyte van enige skei-of onderhoudsooreenkomste, In terme van Seksie 40 en 41 van dieselfde Wet, mag die Beheerliggaam betaling van verpligte skoolfonds afdwing**.
   - 5.5 In die geval van nie-betaling van skoolgeld, sal die skool regstappe neem teen beide ouers, ongeag van die onderhoudsooreenkoms en hofbevele wat mag bestaan tussen die partye.
   - 5.6 In terme van Artikel 39 van die Suid-Afrikaanse Skolewet is ouers aanspreeklik om verpligte skoolgeld te betaal.
   - 5.7 In terme van Artikel 40 en 41 van die Suid-Afrikaanse Skolewet mag die skool die betaling van hierdie verpligte skoolgeld afdwing.
   - 5.8 In die geval dat die skool geregtelike stappe moet doen om uitstaande skoolgeld in te vorder, onderneem die partye tot hierdie aansoek om alle regskoste, insluitende prokureurs-/kliëntfooie, invorderings- en opsporingskoste wat aangegaan is deur die skool, te betaal.
   - 5.9 Ouers wat nie in staat is om skoolgeld te betaal nie, kan aansoek doen vir vrystelling van hierdie geld.
   - 5.10 Die skool kan enige inligting wat verkry is oor die ouers in terme van hul aanspreeklikheid vir skoolgeld verwerk en op rekord hou.
   - 5.11 Die skool mag navrae doen en/of inligting versoek oor die ouers by die krediet-inligtingsburo, persone wat as hul agente optree en/of kredietverskaffers.
   - 5.12 Die skool kan besonderhede in verband met die ouer/s se verpligtinge in terme van hul skoolgeld aan ander kredietverskaffers meedeel vir die doel om kredietverwante risikobesluite te neem.
   - 5.13 Indien ouers nie hul skoolgeldverpligtinge nakom nie, kan die skool die ouer/s se nie-betalings by die krediet-inligtingsburo aanteken. Enige inligting wat oorgedra word na 'n krediet-inligtingsburo, sal beskikbaar wees aan ander kredietverskaffers wat daarvan gebruik maak om kredietverwante risiko-besluite te neem.
   - 5.14 Indien daar 'n geskil op jou rekeningstaat is, moet die tesourier asseblief skriftelik hiervan in kennis gestel word.
6. Ek/Ons onderneem om skriftelik kennis te gee van enige voorneme om my/ons kind te verwyder uit die skool en om alle boeke en/of toerusting wat aan die skool behoort, wat ons kind in sy/haar besit mag hê, terug te besorg.
7. Ek/Ons verstaan dat die skool die reg voorbehou om al die inligting wat aan hulle voorsien is deur middel van hierdie aansoek, te verifieer. In die geval van vervalste dokumente wat ingedien is, behou die skool die reg om 'n kriminele klag van bedrog teen enige van die partye tot hierdie aansoek te lê.
8. Die ondergetekende voog kies hiermee domicilium citandi et executandi ('n amptelike adres) soos hieronder aangedui. In die geval van 'n verandering van adres, sal die ouers die skool skriftelik daarvan in kennis stel.
9. Hierdie verbintenis in sy geheel sal geldig wees vanaf die dag waarop dit onderteken is deur die ouer/voog tot die dag waarop die leerder die skool amptelik verlaat.

Die ouer/voog verklaar dat hy/sy die wettige voog van die kind is, en gemagtig is om hierdie dokument te onderteken, en word hierdeur verbind, as beide ouer/voog en in sy/haar persoonlike hoedanigheid.

► **<u>ADRES: Die ondergetekende hiervan kies hiermee domicilium citandi et executandi (ampetelike adres) as:</u>**

_____ Stad: _____ Kode: _____

<u>VERKLARING: OUER / VOOG:</u> ► Ek _____ verklaar hiermee dat die inligting wat ek in hierdie vorm aangeteken het, waar en korrek is en deur my handtekening hieronder gee ek die voorsitter van die beheerliggaam of die persoon deur hom aangewys, toestemming om enige van die besonderhede wat deur my gegee is, te bevestig. Ek verstaan dat, indien enige van die inligting wat deur my verskaf is vals gevind word, aksie geneem kan word teen my soos in punt 7 hierbo.

Handtekening: _____ Geteken op hierdie _____ dag van _____ 20 _____



LAERSKOOL JEFFREYSBAAI
JEFFREYS BAY PRIMARY SCHOOL

Posbus 110
Jeffreysbaai
6330
Tel nr (042) 2931343
e-pos: jbayschool@epweb.co.za
Skoolhoof: H. Vogel

P.O. Box 110
Jeffreys Bay
6330
Tel no (042) 2931343
e-mail: jbayschool@epweb.co.za
Principal: H. Vogel

GODSDIENSBELEID

Die verskillende godsdienste in ons land word erken deur die Grondwet van Suid-Afrika (Wet No. 108 van 1996) asook Artikel 7 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, No. 84 van 1996. Hierdie wette beskerm elke individu teen enige vorm van diskriminasie op grond van hul geloof.

DOEL:

Omdat ons in 'n demokratiese bestel is word godsdienstige verdraagsaamheid in ons skool bevorder en aangemoedig sonder om enige persoon aanstoot te gee. 'n Verdere doel van godsdiens is om die wyse of manier van godsdienstige waarnemings te bepaal.

VISIE:

Die personeel, leerders en ouers sal die nodige respek hê vir enige ander geloof anders as sy/haar eie geloof.

WAARNEEMBARE GODSDIENSTIGE GELOWE:

Die skool sal die volgende godsdienste en denominasies amptelik waarneem en uitoefen.

1. Die insluiting van alle gelowe en denominasies.
2. Wanneer godsdienstige byeenkomste by die skool aangebied word sal verskillende predikers, priesters, dominees, evangeliste, pastore ens. genooi word om byeenkoms by geleentheid waar te neem.
3. Christelike beginsels sal toegepas word sonder om teen 'n ander geloof te diskrimineer.
4. Geen geloofsbeginsel sal op enige leerders, opvoeder of ouer afgedwing word nie.
5. Alle gelowe se feesvieringsdae sal gerespekteer word en aanhangers van sodanige geloof sal die geleentheid gebied word om aan sodanige feesvieringe deel te kan neem.
6. Die begin van die skooljaar, kwartaal en afsluiting van die skooljaar of kwartaal sal op 'n godsdienstige manier geopen of afgesluit word, wat vir almal aanvaarbaar sal wees.
7. Elke skooldag behalwe wanneer daar saalbyeenkoms is, sal 'n gesamentlike gebed deur leerders en opvoeders begin en afgesluit word.
8. Enige erkende Prediker of ander vrywillge mag gevra word om godsdienstige byeenkomste waar te neem.
9. Alle ander byeenkomste wat deur die skool gereël word, mag met 'n gebed geopen en afgesluit word.
10. Opvoeders sal elke oggend deur die week op roterende basis Bybel lees en bid.

BEVORDERING VAN VERDRAAGSAAMHEID

Die skool poog om die verdraagsaamheid en verstandhouding tussen leerders en die verskillende godsdienstige groepe op volgende wyse te bevorder.

- Godsdienstige waarnemings
- Geen diskriminasies teen leerders of opvoeders.
- Voorbeeld van opvoeders.
- Weeklikse byeenkomste wat gepaard gaan met skriflesing, boodskap en die sing van godsdienstige liedjies.
- Leiers van kerke word uitgenooi om deel te hê aan die byeenkomste.

Ons, die Personeel, Leerders en Ouers, erken dat dit ons verantwoordelikheid is om 'n omgewing daar te stel waarin die evangelie uitgeleef en aanvaar kan word.

► Meld of u as ouer of voog van leerder, enige gewetensbeswaar het teen 'n Christelik-gefundeerde opvoeding

JA NEE

Handtekening van ouer/voog: ……

Datum: ……..

LAERSKOOL JEFFREYSBAAI
KRITERIA VIR TOELATING

KRITERIA TOT TOELATING:

1. 'n Leerling moet Afrikaans en Engels magtig wees waarvan minstens een as Huistaal en die ander as Eerste Addisionele Taal aangebied sal word (volgens skolewet). In die geval van immigrante, of volgens die diskresie van die Beheerliggaam, kan uitsonderings gemaak word. Volgens die Departement van Onderwys is dit vanaf 2012 verpligtend dat 'n leerder in Graad R in sy **HUISTAAL (Afrikaans/Engels)** onderrig sal word.

2. 'n Afskrif van die oorspronklike geboortesertifikaat moet by aansoek tot toelating ingedien word.

3. Die skoolrapport van die vorige jaar word ook by aansoek tot toelating verlang.

4. Die volgende dokumente moet aangeheg word by aansoek tot toelating:

   4.1 Bewys van adres
   4.2 Bewys van werkgewer
   4.3 Gewaarmerkte afskrif van hofbevel indien geskei
   4.4 Skriftelike magtiging van voog
   4.5 Afskrif van ID dokumente van albei ouers
   4.6 Kliniek kaart
   4.7 Oorplasingsbrief

REGULASIES:

Daar moet aan die volgende regulasies voldoen word voordat goedkeuring tot toelating verleen sal word:

1. Leerlinge moet by toelating tot die skool aan die volgende ouderdomsvereistes voldoen.

Graad	Ouderdom soos op 1 Januarie	Diskwalifikasie vir toelatings Of verpligte uittrede uit die skool
1	6 – 7	9
2	7 – 8	10
3	8 – 9	11
4	9 – 10	12
5	10 – 11	13
6	11 – 12	14
7	12 – 13	15

2. Toelating tot die skool is onderhewig aan die besettingskapasiteit van die skool. Die kapasiteitsbepaling is soos volg:

   2.1 Kapasiteit van skool – 800 leerlinge vanaf Graad R – 7
   2.2 Leerlinge per klas – 30 leerlinge
   2.3 Graad 1 tot 3: Na 28 leerling toelatings word 'n waglys opgestel om voorsiening te maak vir nuwe intrekkers binne ons voedingsgebied.
   2.4 Graad 4 tot 7: Na 30 leerling toelatings word 'n waglys opgestel om voorsiening te maak vir nuwe intrekkers binne ons voedingsgebied.

3. Die skool se onmiddellike verpligting lê by die toelating van leerlinge uit die tradisionele voedingsgebied van die Laerskool Jeffreysbaai. Voorkeur sal verleen word aan leerlinge uit dié gebied.

4. Indien die Beheerliggaam dit sou verlang moet die ouer / voog volledig skriftelik motiveer waarom ‘n ander skool in die omgewing nie bygewoon kan word nie.

5. Die woonadres van die ouer / voog moet of sy / haar eiendom wees of deur hom / haar gehuur word. Buitengewone gevalle sal volgens meriete beoordeel word.

6. Aansoek om toelating van leerlinge wat nie aan een of meer van hierdie toelatings kriteria voldoen nie, moet 3 weke voor die beoogde toelatingsdatum gedoen word. Verontagsaming van hierdie bepaling kan vertraagde toelating tot gevolg hê.

7. Verpligte skoolgelde is vooruit en stiptelik betaalbaar. Indien nodig, berus die verantwoordelikheid by die betrokke ouer / voog om vroegtydig aansoek om finansiële bystand voor te lê.

8. Ouers en leerlinge onderneem om hulle by toelating van die etos en reëls van die skool te onderwerp, asook aan die dissipline van die Beheerliggaam, Skoolhoof en Leerkragte. Die Skoolhoof & Beheerliggaam behou die reg om skoolreëls neer te lê en van tyd tot tyd te wysig.

9. Toelating van Nie-Burgers/Immigrante:

   - Die Suid-Afrikaanse Skolewet 1996 en hierdie beleid geld eweneens vir leerders wat nie burgers van die Republiek van Suid-Afrika is nie en wie se ouers oor ‘n permit vir tydelike of permanente verblyf beskik wat deur die Departement van Binnelandse Sake uitgereik is.
   - ‘n Leerder wat die land met ‘n studie permit binnekom, moet die permit by toelating tot die openbare skool toon.
   - Persone wat as onwettige immigrante beskou word, moet by aansoek om toelating van hul kinders of hulself bewys lewer dat hulle ingevolge die Wet op Vreemdelingebeheer, 1991 (Wet 96 van 1991) by die Departement van Binnelandse Sake aansoek gedoen het om hul verblyf in die land te wettig.

10. Die Toelatingskomitee en Beheerliggaam behou die reg voor om die toelatingsvereistes van jaar tot jaar te wysig en aanvaar die Departementele taalbeleid van 2012, spesifiek vir Graad R.

11. Die norme en standaarde waaraan die leerlinge ten opsigte van voorkoms, hare en netheid moet voldoen, sal deur die Beheerliggaam, Skoolhoof en Personeel bepaal word.

Ons benodig asb. u samewerking met die volgende skoolreëls:

<u>Hare:</u>

- **Hare & invlegsels mag nie gekleur word nie. Daar mag ook geen “sonstrepe” in wees nie.**
- **Geen gel, mousse of vaseline mag gebruik word om hare te stileer nie.**
- **Seuns se hare mag geen “step” of “Mohawk” styl hê nie. Kort hare, wat nie aan die kraag of ore raak nie, word toegelaat.**
- **Dogters se haar bykomstighede moet wit of donkerblou wees.**
- **Dogters met skouer lengte hare moet dit vas maak.**
- **Indien die kuif oor wenkbroue hang moet dit vasgesteek word.**
- **Geen pruike word toegelaat nie. Invlegsels binne perke word toegelaat. Dit moet netjies en vas wees (poniestert). Vlegsels moet dieselfde kleur as natuurlike hare wees.**

Juweliersware:

- **Seuns en dogters mag 'n horlosie dra.**
- **Geen "smart " horlosies nie. Dogters mag een paar goue/silwer ringetjies of "studs" in oorlel dra.**
- **GEEN ander juwele of bandjies (bv. Jesus-bandjies/WSJD) word toegelaat nie.**
- **Slegs "Medic Alert" bandjies word toegelaat.**

12. Leerlinge met 'n rekord van wangedrag of uitsetting by ander skole, kan toelating geweier word.

13. Leerlinge kan hulle toelatings voorreg verbeur en hertoelating geweier word indien hulle of hul ouers/ voogde, na die oordeel van die Skoolhoof en Beheerliggaam, aan enige georganiseerde wegbly-aksie deelneem of enige vorm van intimidasie beoefen.

14. Indien nodig moet 'n leerling bereid wees om 'n onderhoud met die Skoolhoof te voer voordat daar oor toelating besluit sal word. Die Skoolhoof sal die datum en tyd van sodanige onderhoud bepaal. Onkostes moet deur die ouer / voog self gedra word.

15. Die ouer / voog van 'n leerling moet 'n skriftelike onderneming onderteken dat hy / sy sal toesien dat die leerling die skoolreëls nakom.

16. Enige vals inligting of misleiding deur die aansoekers kan tot onmiddellike skorsing lei.

17. Enige besluit ten opsigte van toelating is finaal en geen verdere onderhandeling sal plaasvind nie.

Leerlinge wat nie reëls nakom nie, sal huis toe gestuur word of detensie sit tot hul gehoor gee.

Die uwe

Mnr. H. Vogel
Skoolhoof

Mnr. C Wessels
Voorsitter Beheerliggaam

Toelatings komitee:
Mnr. H. Vogel (Skoolhoof)
Mev. B. Lindeque (H.O.D. Junior fase)

Mnr. C. Wessels (Voorsitter Beheerliggaam)
Mev. Y. Van Niekerk (Sekretaresse)

Handtekening van ouer/voog : ……

Datum: ……

LAERSKOOL JEFFREYSBAAI
JEFFREYS BAY PRIMARY SCHOOL

Posbus 110
Jeffreysbaai
6330
Tel nr (042) 2931343
e-pos: jbayschool@epweb.co.za
Skoolhoof: H Vogel

P.O. Box 110
Jeffreys Bay
6330
Tel no (042) 2931343
e-mail: jbayschool@epweb.co.za
Principal: H. Vogel

VRYWARINGSVORM MET BETREKKING TOT LEERDERFOTO'S/-BEELDMATERIAAL/-VIDEO'S

Ek, _____(volle naam), verleen hiermee toestemming aan Laerskool Jeffreysbaai om foto's/beeldmateriaal/video's van my kind (hieronder genoem) te vertoon as deel van:

- 'n demonstrasie/projek/aktiwiteit in die verloop van klaskameronderrig;
- 'n voorbeeldprojek/-aktiwiteit op elektroniese media wat vir die gebruik in opvoedkundige werksessies, klaskamers, advertensies ens. deur die skool geskep is;
- die skool se webblaaie en sosiale media-platforms (waaronder Facebook en Instagram);
- voorbeelde wat aan programuitgewers gegee word, of wedstrydinskrywings wat by borge ingedien word;
- video-opnames vir 'n program in verband met die skool, asook enige deelname aan enige skoolsport of skool se kulturele aktiwiteit wat op 'n televisiekanaal, of deur enige ander vorm van transmissie of uitsaaiplatform, insluitend die internet of toepassings, uitgesaai mag word.
- Enige gedrukte publikasie, wat koerante, tydskrifte, jaarboeke ens. insluit, maar nie daartoe beperk is nie.

Deur hierdie toestemming te verleen, verstaan ek dat die skool foto's beeldmateriaal/video's van my kind(ers) kan gebruik met die doel om prestasies te vier en onderwysgeleenthede bekend te maak, soos wat deur die skoolbeheerliggaam en die skoolhoof goedkeur is, en dat sodanige gebruik die vertoning daarvan by die skool en ander goedgekeurde fotograwe se fotogalery kan insluit.

Ek verstaan voorts dat, alhoewel die skool wat met die foto's/beeldmateriaal/video's verbind word, geïdentifiseer sal word, en dat volwassenes wat in foto's/beeldmateriaal/video's verskyn, se besonderhede genoem mag word, geen persoonlik identifiseerbare inligting van die kind, behalwe die naam, saam met enige foto/beeld/video sal gebruik nie.

Ek onderteken hierdie vrywaringsvorm met die wete dat enige foto's/beeldmateriaal/video's wat op die skool se webtuiste gepubliseer word, deur verskeie nuusorganisasies, (waaronder gedrukte, elektroniese en uitsaaimedia sorteer) bekom en gereproduseer kan word en daarom vrywaar ek die skool van enige aanspreeklikheid wat deur die gebruik van foto's/beeldmateriaal/video's van die kind in skoolwebpublikasies mag ontstaan.

Daarbenewens begryp ek dat daar moontlike gevare in verband met die publikasie van foto's/beeldmateriaal/video's op 'n webtuiste bestaan, aangesien wêreldwye toegang tot die internet dit onmoontlik maak om te beheer uit te oefen oor wie toegang tot die inligting verkry.

Hierdie vorm verleen toestemming vir die duur van u kind se inskrywing by Laerskool Jeffreysbaai. Enige veranderinge t.o.v. toestemming na dese moet asb. skriftelik aan die skoolkantoor gekommunikeer word.

Merk asseblief u antwoord hieronder:

Ek gee toestemming ☐ Ek gee NIE toestemming nie ☐

Naam van leerder: ……

Naam van ouer/voog: ……

Adres: ……

……

……

Telefoon nr.: ……

Handtekening van ouer/voog:

……..

Datum: ……..

LAERSKOOL JEFFREYSBAAI
JEFFREYS BAY PRIMARY SCHOOL

Posbus 110
Jeffreysbaai
6330
Tel nr (042) 2931343
e-pos: jbayschool@epweb.co.za
Skoolhoof: H. Vogel

P.O. Box 110
Jeffreys Bay
6330
Tel no (042) 2931343
e-mail: jbayschool@epweb.co.za
Principal: H. Vogel

VRYWARING

Ek, die ondergetekende wettige ouers / voog van: .....

(kind se naam en van)

VERLEEN HIERMEE MY TOESTEMMING DAT SY/HY AAN SKOOL-AKTIWITEITE MAG DEELNEEM

Ek vrywaar hiermee onvoorwaardelik en onherroeplik die hoof en personeel van Laerskool Jeffreysbaai, en enige persoon wat namens die hoof en personeel van genoemde skool/instansie optree van enige aanspreeklikheid (met die uitsluiting van opset en growwe nalatigheid) vir skade, besering, verlies, ongerief, hospitalisasie, mediese behandeling en die dood wat mag spruit uit of ontstaan gedurende of as gevolg van enige skoolaktiwiteite waaraan hy/sy mag deelneem.

Ek verleen hiermee my verlof aan die persoon/persone in beheer van die aktiwiteit om enige mediese of ander behandeling wat mag nodig wees, op bogenoemde persoon van wie ek die wettige ouer/voog is, toe te pas.

Spesiale omstandighede soos byvoorbeeld gebreke, allergieë, nie-aansteeklike siektes, chroniese siektetoestande of geneigdheid tot abnormale gesondheidstoestande waarvan die skool kennis behoort te dra is die volgende:

Mediese Skema: .....

Lid se naam & No: .....

Naam van ouer/voog (drukskrif): ..... Tel. nr: .....

Handtekening: .....

Datum: .....

LET WEL: GOEIE TOESIG SAL GEHOU WORD DEUR DIE ONDERWYSERS IN BEHEER.